

Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelielied.info
 Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

Parashah 54: Vzot HaBarachah (וזאת הברכה) – Hier Volg Die Seëninge.

En dit is die seën waarmee Moses, die man van God, die kinders van Israel geseën het voor sy dood. Deut. 33:1.

Torah: Deut. 33:1 tot 34:12.

Haftorah: Josua 1:1 tot 18.

Hernieuwe Verbond: Matth. 17:1 tot 9; Mark. 9:2 tot 10; Luk. 9:28 tot 36; Judas 3, 4, en 8 tot 10.

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige notas vir Parashah 54 wat afgelaai kan word by: [Parashah54Notas14](#) of deur dit aan te vra by kontak@nuwelielied.info.

Don't blame the past or others for your downfalls or failures; choices that you make are the ones that carry you to where you set your mind to go.

Bless YHVH for your own accomplishments, large or small, tremendous or tiny; they contribute to the well-being of this world.

A little light somewhere makes a brighter Light everywhere.

Dare to take a good look at the priorities in your life and be strong enough to make the necessary changes, holding onto the standard of YHVH's Word.

Midrash (Torah Bespreking)

Torah, Die Besitting Van Jakob

Moses het ons die wet beveel, 'n besitting vir die vergadering van Jakob. Deut. 33:4

Torah is 'n nalatenskap (*heritage*) aan die hele Israel, naamlik aan al twaalf stamme en dus aan beide die huis van Juda en die huis van Efraim. Torah is nie 'n erfenis (*inheritance*) nie. 'n Erfenis behoort aan die erfgenaam om daarmee te maak wat hy wil, maar 'n nalatenskap behoort aan die voorgeslagte en die nageslagte om dit ongeskonde vir ewig te bewaar. Torah is YHVH se nalatenskap aan Israel en YHVH sal Israel aanspreeklik hou vir hierdie nalatenskap.

Soms voel ons dat Torah-gehoorsaamheid bykans 'n saak van onmoontlikheid is en dat ons aanspreeklikheid te veel is. Ons almal weet wat dit is om te worstel met sekere opdragte (*mitzvot*). So ook besef ons daagliks dat Torah strydig is met die daaglikse werklikheid van die omgewing waarin ons lewe. Ons almal het al verwerping deur geliefdes en vriende ondervind weens ons ywer om aan ons Vader se onderrig en instruksies gehoorsaam te wees! Dan word ons boonop nog oorlaai met inligting wat neig om ons te verwar. Inligting soos byvoorbeeld oor YHVH se ware kalender: Is dit volgens Rabbynse Judaïsme of volgens die Karaiëte of volgens die sonkalender¹ van die Zadokpriesters? En wat van die Levitiese priesterorde versus die priesterorde van Melgisedek? Voor watter priesterorde gaan jy en ek die knie buig? Hierdie en vele ander inligting en vrae maak dat ons soms moedeloos word en moed wil opgee! Dit laat ons ook dikwels met 'n gevoel dat Torah-gehoorsaamheid 'n baie eensame pad is!

Maar al hierdie dinge is goed, want dit is bevestiging dat YHVH se Torah besig is met 'n innerlike verandering in ons elkeen se lewe wat uiterlike sigbaar word. YHVH is deur Sy Torah en Afgesonderde Gees besig om vir jou en my uit Babilon te bevry. Ons is besig om te leer om die verborgenhede van Babilon (Open. 17:3) te kan onderskei sodat ons nie gemeenskap met haar sondes sal hê en saam met haar geoordeel word nie (Open. 18:4).

Wanneer ons met YHVH se Torah 'worstel' word ons herinner aan Heb. 4:12 tot 15.

want die boodskap van God leef en is in alles genoeg en skerper as enige swaard met twee snykante en dring deur tot by die skeiding van lewe, gees, gewrigte en van murg en beoordeel die motiewe en gewete van die verstand, wil en emosie.

Niks wat geskep is, is onsigbaar in Sy Teenwoordigheid nie, maar alles is kaal en ontbloot in die oë van Hom aan Wie ons verantwoording doen,

want daar is daarom vir ons 'n Groot nie-Levitiese Hoofpriester wat opgegaan het na die hemel: Yeshua, Die Gesalfde Een, die Seun van God; laat ons vashou aan Sy belydenis, want ons het nie 'n hoofpriester, wat nie in staat is om te vereenselwig met ons swakhede nie, maar Een wat in alle opsigte getoets is net soos ons, maar sonder dat Hy sonde het. (PWL).

Die woord (boodskap) van YHVH is besig om skeiding te maak tussen die waarheid en die leuen. En ons word getoets of ons die woord van die waarheid reg kan sny – dit reg kan verklaar en reg kan toepas (2 Tim. 2:15).

Daarom moet ons nie moedeloos word of ons van stryk laat bring nie. Nee, want Yeshua het belowe:

Bid, en vir julle sal gegee word; soek, en julle sal vind; klop, en vir julle sal oopgemaak word. Want elkeen wat bid, ontvang; en hy wat soek, vind; en vir hom wat klop, sal oopgemaak word. Matt. 7:7 en 8

Ons moet ook die volgende woorde van Moses onthou:

Want hierdie opdrag wat ek jou vandag beveel, is nie vir jou te swaar nie en is nie buite bereik nie.

Dit is nie in die hemel sodat jy moet sê: 'Wie sal vir ons na die hemel toe opgaan en dit vir ons gaan kry en ons dit laat hoor sodat ons dit kan doen?' nie.

¹ 'n Noukeurig ondersoek van die Afgesonderde Skrifte, asook van die Qumran en ander geskiedkundige geskifte dui toenemend daarop dat YHVH se kalender 'n sonkalender en nie 'n maankalender is nie. Word ons nie deur Rabbynse Judaïsme mislei om te glo dat YHVH se kalender volgens die maan se omwenteling om die aarde is nie? Meer inligting oor hierdie onderwerp is ondermeer beskikbaar op die volgende webwerf: www.inthatday.net

Dit is ook nie oorkant die see sodat jy moet sê: 'Wie sal vir ons na die oorkant van die see gaan en dit vir ons gaan kry en ons dit laat hoor sodat ons dit kan doen?' nie, maar die woord is baie naby aan jou, in jou mond en in jou verstand sodat jy dit kan doen.
Deut. 30:11 tot 14 – PWL.

Deur die profeet Jesaja het YHVH aan Jakob (Israel) gesê:

Ek het nie in die geheim gepraat, in een of ander donker land nie; Ek het nie vir die nageslag van Ya'akov gesê: 'Soek My in 'n verwoeste plek nie'; Ek, יהוה, praat onpartydige opregtheid en verklaar dinge wat reg is. Jes. 45:19 – PWL².

Kom nader na My toe, hoor hierdie: Ek het van die begin af nie in die geheim gepraat nie; vanaf die tyd dat dit gebeur het, was Ek daar!" Nou het die Meester יהוה en Sy Gees my gestuur. So sê יהוה, jou Verlosser, die Afgesonderde Een van Yisra'el: "Ek is יהוה, jou God, wat jou leer om uit te styg, wat jou lei op die pad wat jy moet gaan. As jy maar net na My opdragte geluister het, dan sou jou vrede wees soos 'n rivier en jou onpartydige opregtheid soos die golwe van die see. Jou nakomelinge sou wees soos die sand en jou nageslag soos sy korrels; hulle naam sou nooit afgesny of vernietig word van My Teenwoordigheid nie! Jes. 48:16 tot 19 – PWL.

Maar die vernaamste wat ons moet onthou en leef, is dat in Yeshua Messias is ons Vader se Torah 'n vreugde, want deur die genade is daar telkens vergifnis wanneer ons sondig. Ons moet nie toelaat dat wettiesheid bokant die genade in Yeshua verhef word nie. Met ywer strewe ons voordurend na gehoorsaamheid aan YHVH se Torah soos dit in Yeshua Messias vervul is, maar ons doen dit omrede ons deur vertrouwe in Yeshua gered is en nie om gered te word nie!

Daarom verwoord Paulus die woorde van Moses in Deut. 30:11 tot 14 soos volg en soos dit nou van toepassing is op Israel van die nuwe verbond:

Die onpartydige opregtheid wat uit vertrouwe is, sê dit so: "Moenie in jou gedagtes, wil en verstand sê: 'Wie het opgegaan na die hemel en Die Gesalfde Een afgestuur; wie het in die bodemlose put van Sh'ol neergedaal en Die Gesalfde Een uit die dood uit opgebring?' nie.

Daarteenoor, wat sê dit? "Naby jou is die antwoord, in jou mond en in jou verstand." Dit is die boodskap van vertrouwe wat ons verkondig:

as jy met jou mond ons Meester, Yeshua, verklaar en met jou verstand, wil en emosie vertrou dat God Hom uit die dood uit opgewek het, sal jy lewe hê,

want die verstand, wil en emosie wat in Hom vertrou, is onskuldig verklaar en die mond wat Hom bely, lewe,

want die Skrif sê: "Elkeen wat in Hom vertrou, sal nie beskaam word nie."

Hierin maak Hy nie 'n onderskeid tussen Jood en nie-Jood nie, want יהוה is Een vir almal van hulle en is waardevol vir almal wat Hom aanroep,

want elkeen wat hom op die Karakter en Outoriteit (Naam) van יהוה beroep, sal lewe hê.

Rom. 10:6 tot 13 – PWL.

Yeshua is Die Gesalfde Een wat uit die hemel neergedaal het om YHVH se Torah, soos dit in Yeshua vervul is, in ons verstand te gee en op ons hart te skryf (Heb. 8:8 tot 12), sodat ons as

² PWL Vertaling (Pad van Waarheid tot die Lewe) kan gratis afgelaai word by www.padwlewe.ch; of kontak vir Gerrie Coetzee by padwlewe@yahoo.com

koninklike priesters (1 Pet. 2:9 en 10) onder ons Koning Yeshua en ewige Hoofpriester (Heb. 7:17) volgens die orde van Melgisedek diens kan doen.

Slotsom:

Laat ons elke dag ons geestelik versadig met YHVH se Torah en dit so soet en genesend soos heuning ervaar. En mag ons elkeen met vrymoedigheid ons Vader se onderrig en instruksies leef en verkondig as geregverdigdes in Yeshua ons Messias!!

Daarna het Hy vir my gesê: Mensekind, eet op wat jy vind; eet hierdie rol op, en gaan spreek met die huis van Israel. Toe het ek my mond oopgemaak, en Hy het my dié rol laat eet en vir my gesê: Mensekind, laat jou buik eet, en vul jou ingewande met hierdie rol wat Ek jou gee. En ek het dit geëet, en dit was in my mond soos heuning so soet. Eseg. 3:1 tot 3.

En laat ons elke dag ons vreugde vind in YHVH se Torah soos dit in Yeshua vervul is:

Gelukkig is die man wat nie lewe volgens die raadgewing van die wetsoortreders of staan op die pad van die sondaars of vertoef in die geselskap van spotters nie, maar sy vreugde is in die wet van יהוה en hy deurdink Sy wet dag en nag. Hy sal wees soos 'n boom wat geplant is by 'n waterstroom, wat sy vrugte gee op hulle tyd, waarvan die blare nie afval nie en alles wat hy doen, is voorspoedig. So is die wetsoortreders nie, maar soos kaf wat die wind wegwaai; daarom sal die wetsoortreders nie beoordeel word in die oordeel van, of die sondaars in die vergadering van die regverdiges nie, want יהוה ken die lewenswyse van die regverdiges, maar die lewenswyse van die wetsoortreders sal vergaan. Ps. 1: tot 6 – PWL.

Bepeins of Bespreek

1. Moses was 'n sinnebeeld van Yeshua as Koning en profeet en Aäron 'n sinnebeeld van Yeshua as hoëpriester. Soos Moses en Aäron vir Israel volgens Torah 'regeer' het, so moet Yeshua as Koning, Profeet en Hoëpriester in ons alledaagse lewe regeer. YHVH se Torah soos dit in Yeshua vervul is, is die 'gronwet' van die ware Israel! Is hierdie 'grondwet' in jou hart geskryf om elke dag daarvolgens te lewe?
2. Die drie uitstaande kenmerke van Israel van ouds was:
 - YHVH het tussen hulle gewoon (getabernakel),
 - Hulle het die Torah as geskenk aanvaar vir 'n lewe van shalom en van seëninge, en
 - Hulle het die soewereiniteit van YHVH erken.

Het ons dieselfde getuienis, naamlik woon Yeshua in ons harte en in ons midde, getuig ons lewe van Torah-gehoorsaamheid en erken ons die soewereiniteit van YHVH in elke faset van ons lewe?

'n Nuwe Begin

Aan die einde van die jaarlikse Torahsiklus word ons daaraan herinner dat, soos Israel van ouds, moet ons ook gaan en dit wat YHVH ons in Yeshua beloof het in besit gaan neem. Ons

kan egter slegs ons nalatenskap in besit neem deur Torah-gehoorsaamheid en deur nie dieselfde foute as Israel van ouds te maak nie! Soos Paulus geskryf het:

Maar al hierdie dinge het hulle oorgekom as voorbeelde en is opgeskrywe as 'n waarskuwing aan ons op wie die eindes van die eeue gekom het. 1 Kor. 10:11.

Die dood van Moses was nie net die einde van die tydperk van die gee van Torah nie, maar ook die begin van die lewe volgens Torah in die Beloofde Land! Beide Moses en Josua is 'n heenwysing (sinnebeeld) van Yeshua Messias. Moses kan vergelyk word met die eerste koms van Yeshua en Josua met die wederkoms van Messias. Soos Moses vir Israel deur die hand van YHVH van die slawejuk van Egipte bevry het en hulle deur die geslagte lam gered was, so het Yeshua gekom om ons sondeskuld uit te delg en ons van die slawejuk van sonde (Torah-ongehoorsaamheid) te bevry. En soos Moses deur die hand van YHVH die Torah aan Israel gegee het, so ook het Yeshua gekom om Torah (die wet) te vervul soos YHVH dit van die begin af aan die mens gegee het (Matt. 5:17).

Die sterwe van Yeshua aan die folterpaal was ook die nuwe begin van elkeen wat deur geloof geregverdig verklaar is. Soos Josua vir Israel die Beloofde Land ingelei het, so sal Yeshua by Sy wederkoms die hele Israel (albei huise) die Beloofde Land van die Millennium Koninkryk in lei.

Tot en met die wederkoms moet ons egter hierdie woorde van YHVH aan Josua ter harte neem (*sh'ma, sh'mar* en *asah*):

Hierdie wetboek (Torah) mag nie uit jou mond wyk nie; maar bepeins dit dag en nag, sodat jy nougeset kan handel volgens alles wat daarin geskrywe staan; want dan sal jy in jou weë voorspoedig wees, en dan sal jy met goeie gevolg handel. Jos. 1:8.

Ons leef in die wildernis van hierdie wêreld en Torah-gehoorsaamheid leer ons hoe om te midde van 'n verlore-gaande en vervalde wêreld in oorwinning te oorleef. Torah is ons handleiding hoe om onder die leierskap van Yeshua in hierdie wêreld te lewe.

Laat ons nooit vergeet nie: Ons dien 'n God en Vader van liefde en genade, maar ook 'n Almagtige God van oordeel. Hy is liefdevol en geduldig met ons swakhede mits ons ware berou het, maar waar geen bekering en ware berou na vele tugtiging is nie, sal Sy toorn uiteindelik ontvlam. Hy wat nie bou op die fondament van Yeshua Messias, die lewende Torah nie, se werk sal deur vuur verbrand word.

Want niemand kan 'n ander fondament lê as wat daar gelê is nie – dit is Yeshua, Die Gesalfde Een.

As enige iemand op dié fondament bou met goud, silwer, kosbare stene, hout, gras of stoppels – elkeen se dade sal aan die lig kom, want die dag sal dit uitwys omdat dit deur vuur openbaar gemaak word en die vuur sal elkeen se werk toets.

Die een wie se dade, wat hy daarop gebou het, bly staan, sal sy beloning kry.

As iemand se dade verbrand word, sal hy skade ly; hy self sal ontsnap, maar soos deur vuur heen. 1 Kor. 3:11 tot 15 – PWL.

Elke Torahsiklus is 'n nuwe geleentheid om YHVH se onderrig en instruksies beter te verstaan, en onself beter toe te rus, sodat ons in alle opsigte daaraan gehoorsaam kan wees. Elke Torahsiklus, soos elke dag, is 'n nuwe geleentheid om vernuwing van ons gemoed te

ondergaan sodat ons kan leer wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van YHVH is (Rom. 12:2).

Chazak! Chazak! Venitchazek!

Wees sterk! Wees sterk! Word versterk!

-0-0-0-0-0-0-0-0-

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shalomgroete.

Johan.

Epos: kontak@nuwelielied.info

Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.